higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N410**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ONDERWYS N4

(7080094)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ONDERWYS N4
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n Hiperaktiewe kind kan nie vir ’n lang tydperk konsentreer nie.

1.2 Alle begaafde kinders is leiers.

1.3 ’n Intellektueel gestremde kind sukkel om by te hou met die tempo op skool.

1.4 ’n Onderwys-ontneemde kind loop die geleentheid vir behoorlike onderwys mis.

1.5 Skinner is die vader van klassieke kondisionering.

1.6 Pavlov se leerteorie bepaal dat ons deur die proses van klassieke kondisionering kan leer.

1.7 Piaget het kinders in hulle natuurlike omgewing bestudeer.

1.8 Emosionele ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van kreatiewe vaardighede.

1.9 Koördinasie is die saamwerk van sintuie en spiere.

1.10 Alle aspekte van die helekind-benadering is ewe belangrik.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n item/’n woord uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	’n Struikelblok/hindernis wat normale leer voorkom	A	erg gestremd
2.2	Hierdie versteuring maak dit vir ’n persoon moeilik om behoorlik te kan lees en skryf	B	fyn motoriese
2.3	Gebruik jou klein spiere om te beweeg	C	affektiewe
2.4	Bewegingsvaardighede	D	korttermyn
2.5	Hierdie kind sal waarskynlik deurlopende sorg benodig	E	motoriese vaardighede
2.6	’n Ander woord vir emosioneel	F	rolmodel
2.7	Jou 'werkende' of aktiewe geheue	G	leer
2.8	Proses om nuwe inligting te berg en by bestaande inligting te voeg	H	disleksie
2.9	’n Persoon wie se gedrag jy 'naboots'	I	kreatief
2.10	Produseer iets nuuts en unieks	J	leerprobleem

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Morele normatiewe ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van die volgende vaardighede:

A Sosiale
B Fisiese
C Vermoë om te weet wat is reg
D Kommunikasie

3.2 Kognitiewe ontwikkeling verwys na …

A intellektuele en verstandelike ontwikkeling.
B die ontwikkeling van maniere om emosies te beheer.
C die begrip dat daar verskillende geslagte is.
D die vermoë om uitdrukking aan ’n mens se gevoelens te gee.

3.3 Habituasie is die proses om …

A ’n mens se eie kognitiewe prosesse te ken.
B insig in ’n probleem te hê.
C aan ’n stimulus gewoond te raak en nie meer daarop te reageer nie.
D kleur en prente te gebruik om te leer.

3.4 Begaafde kinders …

A beskik gewoonlik nie oor behoorlike spraakvaardighede nie.
B kan nie stil sit nie.
C het geen leierseienskappe nie.
D het baie goeie taalvaardighede.

3.5 Die term *sosio-ekonomies* verwys na …

A kreatiewe optrede.
B genetiese kenmerke wat ons oorerf.
C die prentjie wat jy van jouself het.
D sosiale en finansiële omstandighede.

3.6 ’n Leergestremde kind …

A sukkel om inligting te memoriseer.
B het ondergemiddelde intellektuele vaardighede
C is meer aktief as normaal.
D vertoon swak higiëne.

3.7 ’n Rede vir vroeë identifisering van begaafdheid:

A Die kind kan vir fisioterapie gestuur word.
B Die kind kan gespesialiseerde behandeling kry om met sy of haar gestremdheid te help.
C Kognitiewe, emosionele en sosiale ondersteuning kan verskaf word.
D Die onderwyser kan makliker aktiwiteite vir die kind beplan.

3.8 Geheuekaarte het die volgende voordeel:

A Dit leer kinders om te sosialiseer.
B Dit kan vir versieringsdoeleindes gebruik word.
C Dit help met fisiese ontwikkeling.
D Hersiening kan maklik gedoen word.

3.9 Volgens Tolman en Kohler vind die leerproses plaas deur …

A kognitiewe prosesse.
B kondisionering.
C waarneming.
D geheue.

Copyright reserved

3.10 Die term *vorming* wat in operante kondisionering gebruik word, verwys na …

A kennis van vorms en groottes.
B die proses om gedrag te vorm om die gewenste reaksie te verkry.
C geometriese vorms.
D patrone wat uit verskillende vorms bestaan.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Leerprobleme ontwrig die kind se normale vordering op skool. Bespreek die moontlike oorsake van leerprobleme onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Die omgewing waarin die kind grootgemaak word

4.1.2 Biologiese faktore

4.1.3 Groot aantal leerders in 'n klaskamer

(3 × 2) (6)

4.2 Volgens Bandura se leerteorie leer ons in die teenwoordigheid van verskillende prosesse. Verduidelik hoe leer (volgens hom) plaasvind deur:

4.2.1 Aandag

4.2.2 Geheue

4.2.3 Aksie/optrede

4.2.4 Motivering

(4 × 2) (8)

4.3 In watter areas of terreine spesialiseer die volgende spesialiste en terapeute?

4.3.1 Pediater

4.3.2 Oogkundige

4.3.3 Sielkundige

4.3.4 Arbeidsterapeut

4.3.5 Maatskaplike werker

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.4 Identifiseer die volgende tipes geheue wat gebruik word:

4.4.1 Jou ouma onthou nog steeds haar eerste skooldag.

4.4.2 Terwyl ek in die klas dit, hoor ek die onderwyser praat en die motors wat buite ry.

4.4.3 Ek probeer om te verstaan terwyl die onderwyser die nuwe onderwerp onderrig.

(3 × 2) (6)

4.5 In onderwys word ’n volwassene gewoonlik in ’n verhouding met ’n kind geplaas. Hierdie verhouding berus op die teenwoordigheid van bepaalde elemente, naamlik kennis, vertroue en gesag.

Identifiseer hierdie elemente in die volgende stellings:

4.5.1 As daar nie ’n reël is nie – kan dit nie verbreek word nie!

4.5.2 Die kind ervaar dat hy onvoorwaardelik liefgehê word.

4.5.3 Maak seker dat jy weet wat die kind se potensiaal is.

(3 × 2) (6)

4.6 Lulu neem haar klas speelpark toe. Op pad soontoe wys sy vir hulle mooi blomme. By die park noem sy name van al die speelapparaat: Dit is ’n glyplank; dit is ’n wipplank en hierdie is die swaaie. Sy laat hulle toe om op die apparaat te speel. Sy maak reëls om hul veiligheid te verseker. Sy prys hulle wanneer hulle die reëls volg. Die kinders geniet die uitstappie terdeë.

Identifiseer enige SES aspekte van die helekind-benadering wat deur hierdie aktiwiteit ontwikkel word en motiveer jou antwoorde. (6 × 2) (12)

4.7 Verduidelik die begrip *helekind-benadering* in jou eie woorde. (2)

[50]

VRAAG 5

5.1 Dit is belangrik om begaafdheid in ’n vroeë stadium te identifiseer.

5.1.1 Onderhoude met ouers is een van die metodes om te bepaal of ’n kind moontlik begaafd is.

Watter ander inligtingsbronne kan jy gebruik? (4)

5.1.2 Watter van die metodes wat jy in VRAAG 5.1.1 genoem het, sal die mees betroubare wees? Motiveer jou antwoord. (2)

5.1.3 Gee redes waarom dit moeilik is om begaafdheid in ’n voorskoolse kind te diagnoseer. (3)

Kopiereg voorbehou

5.2 Party kinders in jou klas kan dalk meer aktief as normaal wees.

Wat is die VYF moontlike tekens van ’n hiperaktiewe kind? (5)

5.3 Verduidelik hoe die volgende tegnieke ’n hiperaktiewe kind kan help om in die klas te fokus en by te bly.

5.3.1 Laat die kind toe om by verskillende werkstasies te werk.

5.3.2 Laat hom toe om ’n sagte balletjie in sy hand te druk terwyl hy na ’n storie luister.

5.3.3 Wissel jou stemtoon af wanneer jy klasgee.

5.3.4 Wissel aktiewe en stil spel in jou program af.

5.3.5 Verdeel werk in kleiner gedeeltes.

(5 × 2) (10)

5.4 Motivering is ’n belangrike faktor in kognitiewe ontwikkeling. Bepaal of die volgende telkens voorbeelde van intrinsieke of eksintrieke motivering is:

5.4.1 Ek oefen omdat ek daarvan hou om te oefen.

5.4.2 Ek doen my werk goed, omdat ek ’n verantwoordelike persoon is.

5.4.3 Ek kom kollege toe omdat ek graag met kinders wil werk.

5.4.4 Die kinders werk hard omdat hulle bang is hulle word gestraf.

5.4.5 Ek speel netbal omdat ek dit geniet.

(5 × 2) (10)

5.5 Verduidelik TWEE praktiese voorbeelde van aktiwiteite wat jy die kinders by die dagsorgsentrum sal laat doen om die volgende te ontwikkel:

5.5.1 Kleinspierbeheer

5.5.2 Kreatiwiteit

5.5.3 Taal

5.5.4 Kognitiewe/Intellektuele

5.5.5 Oog-voet-koördinasie

(5 × 2) (10)

5.6 Kinders benodig behoorlike sosiale vaardighede om hulle tussen ander mense te kan gedra.

Noem SES sosiale vaardighede wat kinders in ’n dagsorgsentrum kan leer. (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Leerders met ’n IK van minder as 70 en ander probleme wat hulle verhoed om intellektueel by te bly, word as intellektueel gestremd gediagnoseer.

6.1.1 Noem en verduidelik VIER moontlike oorsake van intellektuele gestremdheid. (4 × 2) (8)

6.1.2 Noem VIER moontlike tekens van intellektuele gestremdheid. (4)

6.1.3 Gee VIER wenke vir ouers oor hoe hulle hul kind wat intellektueel gestremd is, kan help om die lewe by die huis te hanteer. (4)

6.2 Omskryf die volgende terme:

6.2.1 Leer

6.2.2 Geheue

(2 × 2) (4)

6.3 Die volgende faktore kan kognitiewe ontwikkeling beïnvloed.

oorerflikheid; omgewing; geslag; kultuur; motivering

Identifiseer die spesifieke faktor in die volgende stellings.

6.3.1 Die kind het leerprobleme. Sy pa het ook aan dieselfde toestand gely toe hy jonger was.

6.3.2 Daar is gewoonlik meer seuns as dogters in spesiale skole.

6.3.3 Wanneer ’n onderwyseres haar klas aanmoedig om harder te werk.

6.3.4 Die klein dogtertjie word by die huis gestimuleer en sukkel nie op skool nie.

6.3.5 Die vrou bly by die huis om na haar kinders om te sien, omdat dit is wat vroue in haar gemeenskap doen.

(5 × 2) (10)

6.4 Die volgende terminologie word in Piaget se leerteorie gevind. Verduidelik die betekenis daarvan in jou eie woorde:

6.4.1 Akkommodasie

6.4.2 Egosentries

6.4.3 Sensories-motoriese stadium

6.4.4 Voorwerp-permanensie

Kopiereg voorbehou

6.4.5 Bewaring

(5 × 2) (10)

6.5 Identifiseer EEN aspek van die helekind-benadering in die volgende aktiwiteite. Motiveer jou antwoord.

6.5.1 Die onderwyser pak bestanddele vir ’n bak-en-maak-aktiwiteit uit.

6.5.2 Die kinders bou almal saam ’n legkaart.

6.5.3 Die kind speel in die sandput.

6.5.4 Die onderwyser vertel ’n storie oor ’n baie dapper klein seuntjie.

6.5.5 Sy wys vir hulle kleurvolle prente in die storieboek.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou